Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2021-02-10

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN FEBRUARIE 2021

WELKOM TERUG - MNR GERICKE

Graag verwelkom ons al ons ouers, kinders en personeel terug na die vakansie. 'n Besonderse woord van welkom aan ons ouers, kinders en personeel wat vir die eerste keer aansluit by die skool. Mag ons vir almal van u toebid 'n voorspoedige en geseënde 2021, waarin u en u kind geluk, vreugde en prestasie kan ervaar. Ons glo en vertrou dat ons Hemelse Vader ons weer in hierdie nuwe jaar besonder sal seën soos al die vorige jare.

Onthou asb. my kantoordeur staan oop vir enige ouer wat navraag of bekommernisse het. Indien u nie 'n afspraak kry nie kan u my nogsteeds enige tyd na-ure skakel op 082 656 6038. My epos adres is hoof@lselspark.co.za.

Onthou opbouende kritiek maak ons skool net sterker en sterker. Byvoorbaat dankie aan u as ouer vir u ondersteuning, wees verseker ons waardeer u opreg.

GR 1 : 2021 – ME VAN STADEN

Welkom aan ons 2021 Gr 1 leerlinge. Ons sien uit daarna om julle Vrydag, 12 Februarie hier te ontvang.

U as ouers mag u kind vergesel na sy/haar klas waar u 'n foto van u kind kan neem. U sal ook die geleentheid hê om u kind se graad 1 juffrou persoonlik te ontmoet. Kinders kom met hulle skoolklere skool toe.

Program:

7:45 tot 8:15	Registrasie vind plaas by die groot hek (by die rugbyveld), waar u vergesel sal word na u kind se nuwe klas.
8:15 tot 10:00	Die Gr 1's volg 'n program saam met juffrou en sy/haar nuwe klasmaats.
10:00	Kinders word deur juffrou vergesel na die hek (rugbyveld), waar u hulle kan kom afhaal.

ALLE COVID PROTOKOLLE SAL GEVOLG WORD.

EERSTE SKOOLDAG REËLINGS – MNR DENNER

Graag gee ons die nodige reëlings deur vir die eerste dag van skool. Leerlinge gaan nogsteeds die nodige protokolle moet volg soos in 2020. Maskers is verpligtend sodra leerlinge by die hekke in beweeg.

Geen ouer word op die terrein toegelaat sonder 'n afspraak nie. Hekke maak daagliks om 07:00 oop in die oggende en sluit 07:30. Leerlinge moet asb. betyds wees.

Leerlinge maak gebruik van die volgende hekke:

Gr 1 - Hek 7 (Rugbyveld)

Gr 2 - Hek 7 (Rugbyveld)

Gr 3 - Hek 7 (Rugbyveld)

Gr 4 - Hek 4 (Motorhuis)

Gr 5 - Hek 4 (Motorhuis)

Gr 6 - Hek 3 (Draaihek)

Gr 7 - Hek 3 (Draaihek)

LSEN - Hek 3 (Draaihek)

Leerlinge sal nadat hulle gesaniteer is, aanmeld by die aangewysde bymekaarkom plek.

Bymekaarkomplek – Dag 1

Gr 1 - Beweeg direk na hulle registerklasse

Gr 2 - Grasperk voor die saal

Gr 3 - Vierkant

Gr 4 - Netbalbane

Gr 5/6/7- Rugbyveld (Areas sal afgebaken wees)

LSEN - Agter die media

Skool verdaag as volg:

Gr 1 - Verdaag die eerste week (15 – 19 Febr.) om 12:00 en daarna om 12:45

Gr 2 - 13:00

Gr 3 - 13:15

Gr 4 - 13:15

Gr 5 - 13:15

Gr 6 - 13:30

Gr 7 - 13:30

LSEN - 13:00

Ons glo u vind alles in orde. Indien die Departement wysig aan die akademiese of skoolprogram sal ons u in kennis stel.

STANDAARD OPERASIONELE PROSEDURE (SOP) – MNR DENNER

Die doel van hierdie SOP is die voorkoming, bekamping en bestuur van COVID-19 in die skoolomgewing en om riglyne te verskaf om die verspreiding van die virus te beperk.

Ouers en leerlinge neem asb kennis van die volgende:

- Leerlinge wat die volgende simptome toon, word versoek om nie skool toe te kom nie:
  - ❖ Koors 38° en hoër
  - ❖ Griep simptome (seer lyf)
  - ❖ Droë hoes
  - ❖ Kortasem
  - ❖ Seer keel
  - ❖ Positief getoetsde Covid-19 gevalle

Toegang tot die skool

Prosedure

- 'n Personeellid neem daagliks almal se temperatuur by die hekke, voordat toegang verleen word, merk die naam af op 'n klaslys en skryf die lesing neer.
- Wanneer gemete temperatuur normaal is, dus laer as 38°, kan die leerling die terrein betree. Wanneer leerlinge se temperatuur hoër as 38° is, word die leerling direk na die kwarantyn area (voorportaal van die saal) geneem
- Die kantoor sal dan die kontakpersoon skakel om die leerling te kom haal.
- Geen leerling word egter toegelaat sonder maskers nie – maskers sal voorsien word as 'n leerling sonder 'n masker by die skool aankom.
- Die leerlinge saniteer hulle hande by die saniteerstasie voordat hulle die skool betree.
- Leerlinge wie se temperatuur onder 38° is volg die pyle na hul lokaal. Behou altyd sosiale afstand. Rigtingwysers is op die vloer geplak.

- Die ouer of persoon wat die leerlinge met hoë temperatuur kom haal moet die besoekersboek teken.

- Leerlinge beweeg na lokaal onder toesig en sitplek word aangewys. (ter wille van spasiëring)

- Die personeellid wat hulle by die klas ontvang sal toesien dat hul weer hul hande saniteer.

- Pouses:
  - ❖ Elke klas sal sy eie speel/rusgebied hê.
  - ❖ Sosiale afstande moet ten alle tye gehandhaaf word.
  - ❖ Voldoende toesig sal beskikbaar wees.
  - ❖ Eet- of drinkgoed mag onder geen omstandighede gedeel word nie.
  - ❖ Geen kontak soos hand skud, drukkies of speletjies sal toegelaat word nie.
  - ❖ Maskers word gedra en slegs afgehaal wanneer geëet word. Leerlinge moet toegelaat word om vars lug in te asem.

- Kleedkamers:
  - ❖ Slegs 3 leerlinge sal op 'n slag toegelaat word in die kleedkamers.
  - ❖ Saniteer hande by sanitasie-stasie voor hulle ingaan.
  - ❖ Werkers en Leiers (pouses) sal dit monitor.
  - ❖ Na die gebruik van die toilet, moet hande met seep gewas word.
  - ❖ Droog hande af met papierhanddoek wat voorsien word en gooi in asdrom.

- Verdaging van leerlinge:
  - ❖ Die leerlinge verdaag vanaf 12:45 tot 13:30.
  - ❖ Dieselfde uitgang as ingang word gebruik.
  - ❖ Geen leerlinge mag agterbly op die terrein nie. (Hekke word 13:45 gesluit)
  - ❖ Hekreëlings soos voorgeskryf deur DBE
  - ❖ Leerlinge is buite terrein op eie risiko.

- Vervoer:
  - ❖ Leerlinge wat van publieke vervoer gebruik maak moet al die reëls van die instansie nakom, soos deur die wet bepaal.
  - ❖ Saamry-klubs of ander vervoergeleenthede moet ook alle Covid-19 regulasies nakom.

- Alle buitemuurse aktiwiteite is afgestel tot verdere kennisgewing.

- Daar word verwag dat alle ouers 'n ernstige gesprek met hul kind/ers sal hê oor die nakoming van die gedragskode van die skool en in besonder oor die handhawing van die Covid-19 maatreëls. **Indien die leerling nie saamwerk nie, sal die ouer/kontakpersoon geskakel word om die leerling te kom haal.**

- Let asb. op persoonlike higiëne ten alle tye.

- Die dra van skoene is 'n vereiste.

- Skakel die skool indien u onseker is oor enige iets.

Besoekers:

- Geen onverwagte besoekers sal toegelaat word nie. Dus geen ouers/besoekers mag op die terrein wees sonder toestemming nie. U moet asb. 'n afspraak maak indien dit 'n baie belangrike saak is.

BEHEERLIGGAAM VERKIESING 2021 – MNR DENNER

Met die oog op ons Beheerliggaamverkiesing op 18 Maart 2021 wil ek net van die geleentheid gebruik maak om ons huidige Beheerliggaam te bedank vir uitstekende werk gelewer die afgelope drie jaar.

Voorsitter en Menslike hulpbronne	-	Mnr. Thinus Jacobs
Onder-Voorsitter en Tesourier	-	Mnr. Quenton Ferreira
Bemarking	-	Mnr. Pierre Laubscher
Geboue en terrein	-	Mnr. Piet de Bruyn
Sekuriteit	-	Mnr. Martin Wiid
Regsaangeleenthede	-	Mnr. Charl Geel
Sport en fondsinsameling	-	Mnr. Gerhard Scheepers

Die afgelope drie jaar het die Beheerliggaam met verskeie inisiatiewe na vore gekom om vir die gemeenskap en die kinders van ons skool die beste moontlike geriewe en geleenthede te bied.

Net soos dit in landsbelang belangrik is om tydens algemene verkiesings te stem, is dit belangrik dat ons ouers tydens die Beheerliggaamverkiesing sal kom stem.

Hiermee word kennis gegee van ons Beheerliggaamverkiesing op Donderdag, 18 Maart 2021. Dit sal 'n voldagverkiesing wees. Ses ouerlede moet verkies word tot die Beheerliggaam van Laerskool Elspark.

NASKOOLSENTRUM - ME McKENZIE

Baie welkom terug aan al ons leerlinge by die naskoolsentrum. Let asb. daarop dat ons tye nogsteeds stiptelik 17:30 is vir die afhaal van u kind.

Merk asb. al u kinders se skoolklere, kouse en skoene. Januarie se naskoolgelde was reeds betaalbaar.

Koste beloop R1 000 per maand. Moet asb. nie agter raak met die betalings nie. NB!!! U moet 30 dae skriftelik kennis gee indien 'n leerling uit die Naskool gehaal word.

SKOOLGELDE VIR 2020 – MNR GERICKE

Soos u weet het ons skooljaar nie begin soos dit beplan was nie en glo ons dat dit in die toekoms beter sal gaan.

Ek wil ook graag van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê aan elke ouer wat getrou u verpligtinge nakom.

Hiermee wil ek net onder U aandag bring dat die skoolgelde vir 2021 steeds verpligtend is in terme van Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse skolewet .

In terme van Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse skolewet kan die skool die verpligte skoolgelde afdwing.

Skoolgelde reeds betaalbaar is vir Januarie 2021 en Februarie 2021

Ek doen hiermee 'n beroep op u as ouer om asseblief hierdie verpligting t.o.v die skoolgelde streng na te kom. Indien u enige navrae het kontak gerus vir Sonja Fourie by Sonja@Iselspark.co.za

SKOOLGELDBETALING 2021				
ITEM		**BEDRAG PER MAAND**	**BETALINGSTYDPERK**	**BEDRAG VIR 2021**
1	**Skoolgeld vir enkelkind**	**1 440**	**12 Maande**	**17 280**
2	**Skoolgeld vir tweede kind**	**1 440 (2 880)**	**12 Maande**	**17 280**
3	**Skoolgeld vir derde kind**	**577 (3 457)**	**12 Maande**	**6 924**
Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie en Februarie se skoolgelde was reeds betaalbaar.				
Indien volle skoolgeld vir 2021 voor of op 31 Mrt betaal is, sal een maand se skoolgeld as korting aan die ouer toegestaan word. (Indien geen betaling tot 31 Mrt gemaak word nie, moet 'n skriftelike reëling met die skoolhoof getref word)				
4	**Naskoolgeld per kind**	**1 000**	**11 Maande**	**11 000**

Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie en Februarie se gelde was reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie.				
5	Kleuterskoolgeld per kind	1 560	12 Maande	18 720
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie en Februarie se gelde was reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool				

Uitstaande gelde!!!

Daar is ouers wat heelwat agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde is reeds betaalbaar en word nou oorhandig. Kontak asb. Me Fourie om 'n reëling te tref om gelde op datum te bring.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360
Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark Ceebee Debt Collectors gebruik om al die oorhandigings te hanteer. Dringende betaling word verlang op agterstallige rekeninge om oorhandiging te vermy.

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Epos asb. bewys van betaling met uiteensetting ten opsigte van betaling na riekie@lselspark.co.za . Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

E-LEARNING – ME BRITZ

Ons is baie trots daarop om te sê dat Laerskool Elspark die skool van die toekoms is met puik tegnologiese fasiliteite wat leer en groei van ons leerlinge bevorder. Gr 4 – 7 leerlinge moet asb. elke dag hulle tablette by die skool hê.

Tablet spesifikasies:

10.1-inch FHD display
2GB RAM
16/32GB ROM
Android 8
5100mAh battery
Micro SD 256GB
Omhulsel

Indien die leerlinge nie oor 'n tablet beskik nie kan u selfoon ook gebruik word.

Aanlynskool
Graag wil ons 'n aanlyn onderrig opname maak met die oog op 2021 se beplanning.

Indien 'n leerling 'n komorbiditeit het, kan daar aansoek gedoen word vir aanlyn onderrig in 2021. Stuur asb. 'n skriftelike versoek na Me Britz (zinetta@elsies.co.za) en sy sal 'n aansoekvorm vir u stuur wat voor of op Donderdag, 18 Februarie weer na haar teruggestuur moet word.

KOMMUNIKASIE - ME BRITZ

- Personeel se e-pos adresse is beskikbaar op "Communicator". Moenie huiwer om met personeel op hierdie manier te kommunikeer nie.
- Maak asseblief seker dat ons u korrekte e-pos adres het sodat u ook van die skool af kommunikasie kan ontvang.

COMMUNICATOR/FACEBOOK – ME S DU TOIT

Wil jy deel wees van ons Facebook gemeenskap? Ons deel inligting, prestasies en sommer net lekker wenke. U kan ons vind op Facebook - ***Elspark Elsie.***
Die communicator hou u op hoogte van gebeure by u kind se skool.

Stay Connected

Gaan laai die D6 Communicator af op u rekenaar/ slimfoon op die playstore of gebruik die volgende skakel:

http://www.school-communicator.com/

DISSIPLINE - MNR MULLER

Ouers moet asb. sorg dat hulle kinders reg geklee is vir skool. Vrydagdrag is die wit sporthemp en die blou kortbroek met tekkies. Geen skooltrui of "pullover" mag saam met Vrydagdrag gedra word nie.

Dogters: Hare moet netjies vas wees met die korrekte kleur haarrekkies ens. Hare mag nie in hulle gesig hang nie.

Seuns: Hare moet netjies en kort wees. **Geen, maar geen comb overs of snaakse style nie**.

OPVOEDING - ME GROBLER

Elke kind smag na erkenning en aanvaarding. Hul wil raakgesien word en weet hulle is spesiaal!

Wenke aan ouers:

- **Gee liefde**: Laat u kind veilig en geliefd voel.
- **Toon begrip**: Maak tyd vir geselsies met u kind.
- **Moedig individualiteit aan**: U kind is uniek.
- **Gee aanvaarding**: Vir 'n gesonde selfbeeld moet u kind aanvaar word vir wie sy/hy is.
- **Gee respek**: Hanteer u kind met respek dan sal hy/sy u respekteer.
- **Gee waardering**: Sê dankie vir take wat hul tuis verrig.

Wees verseker hier by Laerskool Elspark is elke kind spesiaal en belangrik.

KLEREBANK – ME A DU TOIT

Die klerebank sal as vol funksioneer in die toekoms. U stuur 'n e-pos na christa@elsies.co.za met die versoek vir klere. Die klere sal dan uitgehaal word en binne twee dae by die kantoor beskikbaar wees. U kan dit daar optel. Mee van der Merwe en Cupido sal julle help.

U kan gerus u kind se klere wat te klein is vir ons stuur. Die behoefte bly groot.

VOORTREKKERS – ME A DU TOIT

Ons Voortrekkers gaan die jaar weer volstoom hardloop met al die Covid prosedures in plek. Vir enige navrae kan u met Corneli Aldum skakel by 082 925 6472 of 'n e-pos rig aan alta@elsies.co.za . Ons hoor graag van u.

DANKBAARHEID

- Dankie aan ons Hemelse Vader vir Sy liefde, genade en beskerming gedurende die skoolvakansie en dat ons almal veilig 'n nuwe skooljaar kan begin.
- Dankie aan al ons positiewe ouers en leerlinge wat die jaar op 'n hoë noot begin. U maak 'n groot verskil.
- Baie dankie aan al ons personeel vir hulle effektiewe en harde werk, ons waardeer julle.

Filippense 3:16
Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

Geloof •Hoop•Liefde

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
www.laerskoolelspark.co.za